Tel: 044 873 4383 | Sel: 061 470 3626 | E-pos: admin@tuinedal.co.za

GEMEENTEBULLETIN

VERSORG · TOEGERUS · GESTUUR
TUINEDAL
huisgesin van God

Welkom by vandag se erediens

12 Augustus 2018
09:00

Ds Pieter van Santen

Joh 6:35, 41-51

Kleuters tot graad 11 het vanoggend 'n kategesevrye Sondag, ons hoop hulle langnaweek was lekker!

AS HUISGESIN VAN GOD...

...WIL TUINEDAL 'N **VEILIGE RUIMTE** WEES WAAR GOED **VERSORGDE** EN **TOEGERUSTE** LIDMATE **GESTUUR** WORD NA 'N STUKKENDE WÊRELD – TOT **EER VAN GOD**.



"Ek is die brood wat lewe gee... Ek gee dit, sodat die wêreld kan lewe." - *Jesus*

KONTAK MY ASB

VUL IN, SKEUR AF EN PLAAS IN KOLLEKTEBORDJIE

NAAM EN VAN _____

TEL _____ E-POS _____

☐ NUWE INTREKKER ☐ BESTAANDE LIDMAAT

DAGBOEK DIE DATUMS

MA 13 AUG	18:00 **Lentefees**vergadering
WO 15 AUG	18:30 **Lof en aanbiddingsaand** – Ons bid en sing
SO 19 AUG	Die afskop van ***7 weke aan tafel met Jesus***.
SO 26 AUG	**Bybelsondag** – Maak solank jou R2de bymekaar en vul jou Bybel-pilhouertjie met R5de.
VRY 31 AUG	**Lentefees!** Ons gaan sien wie loop weg met die pryse by die modeparade...
VR 2 NOV	**Konserttyd!** Het jy die vakansie al begin oefen? Laat weet vir Dolores of jy voor of na Pouse wil optree!

Basaarlootjies!
Staan 'n kans om 'n skoonheidsbehandeling van R300 (vrouens) of 'n vleispak ter waarde van R300 (mans) te wen! Kaartjies te koop by ds Pieter of die kerkkantoor

Ons kort dringend 3 wykswerkers in Dormehlsdrift en George-Suid-areas, indien jy geroepe voel, kontak asseblief die kerkkantoor.

HOENDERBRAAI

Onthou om solank jou hoenderbraai-kaartjies te koop vir die lentefees. Jy wil dit nie mis nie! Net R60, dit is 'n winskoop!

Baie dankie vir elkeen wat getrou maandeliks hul tiendes gee. Ons bestuurstate toon tans 'n mooi groei van 3.8% bo begroting vir gemeentelike bydraes.

BORG 'N SKAAP

Ons soek na mense wat 'n skaap teen R1000 elk sal borg vir die vleistafel by die lentefees. 3 skape is reeds geborg en ons mik vir 10. Toe man, dis die regte ding om te doen!

Kol 3:23

"Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie."

LENTEFEES

Jou oud, is iemand anders se goud! Bring asseblief jou ongebruikte items vir die **wit olifant-tafel**.

Laetitia Terblanche wil vroegtydig weet indien jy gaan help **Poeding** maak. Bel haar by 0728354030.

HELPENDE HANDE

Die gras voor die hoofingang leef swaar weens al die verkeer in die week. Ons wil graag dit herstel en kort 4 bakkievragte "top dressing" teen einde Augustus. Kan iemand help asseblief?!

7 WEKE AAN TAFEL MET JESUS

Jy word uitgenooi om saam te kom op hierdie opwindende reis van geloofsgroei, waarin ons gaan kyk na Jesus se tafelgewoontes en dit saam gaan inoefen as deel van ons navolging van Jesus. Boekies is by kerkkantoor beskikbaar @ R30.

VERJAARSDAE

Baie geluk!

Vandag
Magriet Calitz 0728665723 Bos2
San Carelse 0833095075 PA2

Môre
Roelien Grobler 0842432146 Dor3
Tillie Truter 0846736593 GS3
Aidan van Niekerk (5) PA2

Dinsdag 14 Aug
Sherwin Hannie 0834094802 GW1
Marie Minnaar 083 326 5964 K1

Woensdag 15 Aug
Dewald Jonker 0836281179 BW4
Lorraine Magerman 0732872930 GW1
Jané Steenkamp (5) 044850117 BW8

Donderdag 16 Aug
Engela Bergh 0822272555 BW2

Vrydag 17 Aug
Lalie Delport 0833175505 Dor7
Xavier Jantjies 0745010634 PA4

Saterdag 18Aug
Michiel Burger 0824692668 Dor4

LENTEFEES

Ons is baie opgewonde oor hierdie jaar se LENTEFEES! Kom aangetrek soos 'n sprokies-karakter en wen 'n lekker prys tydens die modeparade! Kom koop 'n bakkie poeding, 'n worsbroodjie, kerrie en rys, slap chips, 'n paar pannekoeke of iets by die wit olifante-tafel. Maar *die belangrikste is, dat JY en JOU GESIN opdaag*! Dit gaan 'n FEES wees om lank te onthou! Sit asseblief jou naam op die lentefees-lys wat jou wykswerker na jou gaan bring en help dat ons dit 'n fees der feeste kan maak. Produkte, kontant en jou tyd is ALTYD welkom!

Deuroffer

Die deuroffer op 5/8 was R738 vir Tuinedal Gemeentefonds, **baie dankie**! Vandag se deuroffer gaan vir **Tuinedal se Sendelinge**.

Nedbank: Rekening naam: NGK George-Tuinedal
Tjek rek no. 114 289 5416, Takkode: 198-765

VOORBIDDING

"Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag." – Jak 5:16b

HIERDIE WEEK DOEN ONS VOORBIDDING VIR…

- **…die lentefees, dat ons lekker saam sal kuier. Vir genoeg voete, sodat al die produkte verkoop sal word.**
- …soveel huise waar daar geestelike, maar spesifiek ook finansiële nood is. Bid dat hulle nie hoop sal verloor of Jesus se hand mis sal kyk in die alledaagse nie. Help waar jy kan en laat weet die kerkkantoor indien jy van enige werksgeleenthede of goedkoop verblyf weet.
- …die leë sitplek langs of voor jou dat die Here dit sal vul met iemand wat smag na 'n ontmoeting met die lewende God.
- …die klein wonderwerke wat jy elke dag beleef en vra dat Hy jou sal help om dit beter en meer gereeld raak te sien. Vertel dan ook vir ander hoe jy God se goedheid beleef.
- …'n werk, waarmee ons 'n inkomste kan ontvang. Ons dank Hom dat Hy ons wysheid gee om dit reg te kan bespaar, bestee en vir Sy werk te gebruik.
- …godsdiensvryheid. Dankie dat ons op Sondae Skrifgetroue, relevante en eietydse boodskappe vrylik kan kom ontvang.
- …ons internasionale sendelinge: Gerhard en Nadine Agenbag van China; Hans en Patricia Combrink in Maleisië en Stefan en Carina van der Watt in Japan. Elmar en Nadine du Rand wat oppad Japan toe is. Ook vir Grant en Loki Swanepoel in Port Elizabeth – wat onder die studente by NMU werk & EJ en Koekoes van As in Garies onder YFC.

AS ONS VIR JOU OF IEMAND KAN BID, STEL ASB DIE KANTOOR IN KENNIS…
ONS DOEN DIT GRAAG.

Ons gemeentelede wat onlangs iemand aan die dood afgestaan het.

Siekes in ons gemeente: **Ruan Barnard** (siek), **Johan van der Merwe** (skoueroperasie), **Annika van Santen** (voetoperasies), **Johanna Kritzinger** (kanker), **Leandri Crouse** (operasie), **Irene Pietersen** (siek), tannie **Greta** (ouderdom), **Anelda Jacobs** (12, Ewing Sarcoma beenkanker), **Charlotte Minnie** (erge rugpyn), **Zeake Swart** (14, bloedkanker), **Maria Kok** (hart), **Graham Kirchner** (maagkanker), almal met griep en almal wat herstel na kankerbehandeling.

Tydens die Lof- en Aanbiddingsaande word spesiaal aandag gegee aan hierdie versoeke. Stuur 'n SMS of Whatsapp aan die Kerkkantoor by 0614703626 en raak deel van hierdie kosbare bediening.